Oordenking
25 November 2009

Advent: God het sy Seun gestuur

Ons noem die volgende vier weke, tot Kersdag, die Adventstyd. Ons word daaraan herinner dat Christus ons swak menslike natuur aangeneem het. Hy het een van ons geword. Ons onthou ook dat Hy eendag weer sal kom om sy verlossing volkome te maak.

Die Apostel Paulus stel dit so in 2 Kor 5: 21: *Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.*

Ek het al die volgende storie vertel, maar dis 'n goeie een en ek vertel dit weer.
Bejaarde oom en tannie Botha het 'n splinternuwe, tegnologies gevorderde mikrogolfoond as Kersgeskenk by hulle seun gekry. Hulle was baie opgewonde om nou ook deel te wees van die "kits-generasie". Oom Botha het die oond uitgepak en ingeprop, maar binne sekondes het die breë glimlagte verander in fronse. Selfs nadat hulle die lywige handleiding gelees het, kon hulle nie die ding sover kry om te werk nie. Twee dae later speel tannie Botha brug saam met haar vriendinne en vertel hulle van dié dilemma. Tot dusver kon sy nie nog nie die mikrogolfoond sover kry om selfs water te kook nie. *"Om dié ding aan die werk te kry" het sy gesê, "het ek nie beter aanwysings nodig nie! Ek het my seun saam met die geskenk nodig!"*

Klink dit bekend? Baie van ons vind dit moeilik om "camcorders", rekenaars, gevorderde selfoon/kamera kombinasies, elektroniese horlosies in kamers en motors en 'n verskeidenheid ander apparate wat veronderstel is om deel van hierdie tegnologiese tyd te wees, sover te kry om te doen wat dit veronderstel is om te vermag. Netsoos oom en Tannie Botha het die van ons aan die "verkeerde kant van 50" te dikwels nodig om ons kinders sover te kry om ons te wys hoe die goed nou eintlik werk.

Gedurende die Adventstyd, die vier weke voor Kersfees, onthou ons dat die Here nie vir ons 'n handleiding, ingewikkelde instruksies of nuwe wette en prosedures oor verlossing gestuur nie. Nee, Hy het vir ons sy Seun gestuur! Sy Seun self het ons kom wys, en wys ons steeds, hoedat ons deur God vrygespreek kan word.

Jesus het gekom om vir ons te wys hoe verlossing "werk". Jesus het gekom om ons verlossing te word en om ons vreugde en ons troos te wees. Jesus het gekom sodat ons die ewige lewe as geskenk kan ontvang.

Die Adventsboodskap bly altyd dieselfde, naamlik dat (Joh 3:16) ***God die wêreld so lief gehad het, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê!***

Kom ons plaas ons vertroue in die aanwysings wat God die Seun persoonlik vir ons gee. Kom ons vier met groot blydskap fees in hierdie tyd, omdat Hy alles wat ons nie kan doen nie en alles wat ons oor redding nie kan verstaan nie, kom doen het, om ons te verlos!

Mag jy 'n geseënde en vreugdevolle Adventstyd ervaar.